

Sing vooraf staande: Psalm 69:2, 6 (p. 342)

- 2 Meer as die som wat ek kan tel, / en meer as my geringe krag, / vermeerder hul in tal en mag
wat my, onskuldig, neer wil vel. / Hul laat my sonder oorsaak boet. / Dit jaag en storm deur my gemoed!
- 6 Maar my gebed is tot U, HEER! / Daar is 'n tyd dat U verhoor: / in grote goedheid, neig u oor,
en deur u trou, verlos my weer. / Verlos my uit die modderpoel / en waterstroom wat om my spoel.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 18:1, 14 (p. 71)

- 1 Ek het U hart'lik lief, o HEER! / U is my sterkte en teëweer.
Die HEER's my rots, my vesting sterk, / my redder wat my heil bewerk,
my rots wanneer die stormwind huil, / my skild, die weerkrag van my heil,
my vesting op die bergkrans steil, / by wie ek vas en veilig skuil.
- 14 Gods weg is gans volmaak soos Hy, sy woord van al wat smet is, vry,
soos goud, gelouter sewe maal. / Hy is 'n skild van keurmetaal
vir almal wat op Hom vertrou. / Want wie's daar buiten U, o Heer!
U is die Rots, geen ander meer, / op wie ons altyd weer kan bou.

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 116:1, 5 (p. 569)

- 1 God het ek lief, want die getroue HEER / hoor na my stem uit vrye welbehae;
ek roep Hom aan in al my lewensdae, / Hy skenk my hulp, Hy red my, keer op keer.
- 5 U het my siel weer van die dood bevry; / in droefenis droog U, o HEER, my trane;
U lei my voet langs nuwe lewensbane, / om in u lig te wandel, lewensbly.

Gebed

Skrifberyming 5-1:2, 4, 6 (6:2, 4, 6)

- 2 Aan die moord'naar, haas verlore, / word die hoogste guns bewys:
"Hede sal jul met My saam wees / in die vredesparadys."
Dan troos vrede in volle vloed / die verbryselde gemoed.
- 4 Middagklare son word duister; / deur die duister noodgeskrei:
"O my God, my God en Helper, / waarom tog verlaat U My?"
Jesus sink, ná sware stryd / in dié dubb'le donkerheid.
- 6 Toe die offerwerk verby was, / na Gods hoë ordening,
het die Heer, sy daad deurgrondend, / uitgeroep: "Dit is volbring!"
En, die hoof omlaag gebuig, / het Hy sterwend dit betuig.

Skriflesing: 2 Samuel 22:1-7; Jesaja 43:1-4; Matteus 26:36-39; 27:45-48;
Heidelbergse Kategismus, Sondag 16:44

Kernvers: 2 Samuel 22:5-7; Matteus 27:46

Want die golwe van die dood het my omring, strome van onheil het my oorval. Bande van die doderyk het my omring, strikke van die dood het my teëgekrom. Toe ek benoud was, het ek die HERE aangeroep, en ek het geroep tot my God; en uit sy paleis het Hy my stem gehoor, en my hulpgeroep was in sy ore. (2 Samuel 22:5-7 AFR53)

En omtrent die negende uur het Jesus met 'n groot stem geroep en gesê: Eli, Eli, lama sabagtáni? Dit is: My God, my God, waarom het U My verlaat? (Matteus 27:46 AFR53)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 44: Waarom volg daar: en neergedaal het na die hel?

Antwoord: Sodat ek in my swaarste aanvegtinge verseker kan wees en myself volkome kan vertrou dat my Here Jesus Christus my van die hel se benoudheid en pyn verlos het (a). Hierdie verlossing het Hy bewerk deur sy onuitspreeklike angs, smarte en verskrikking (b) wat Hy ook aan sy siel deur sy hele lewe, maar veral aan die kruis gely het. (a) Jes 53:5. (b) Ps 18:5, 6; 116:3; Matt 26:38; 27:46; Heb 5:7.

Tema: Jesus het jou vir ewig van die hel verlos

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, wie van ons het al ooit gesê: My lewe is hel, of: Vandag het ek hel belewe? En as iemand dit sê, weet ons min of meer wat die persoon bedoel. Sy lewe is deur omstandighede of deur mense so onaangenaam gemaak dat hy gevoel het hy kan sterf, of gevoel het dat hy gaan sterf. Dit is soos wat ons hier in Jesaja gelees het. As dit reën en alles oorstroom, jou huis en al jou besittings spoel weg en jy voel hoe die water jou ook meesleur, dan sal mense sê dit voel dit soos hel. Sommige van ons het al sulke benoude oomblikke beleef toe al hulle besittings deur die waters weggeneem is en al wat hulle oorgehou het maar enkele besittings of net die klere aan hulle lyf was.

Dawid het in sy lewe ook groot benoudheid beleef. Hy het nou wel nie gesê dat sy lewe hel was nie, maar as wat met hom gebeur het ook met ons gebeur, sou ons maklik kon sê dit is hel. Hoor net wat het met Dawid gebeur. Toe Saul nog gelewe het, het hy vir Dawid agtervolg asof Dawid 'n skelm is. Hy was daarop uit om vir Dawid dood te maak. Daarom sê Dawid dat dit vir hom gevoel het of die dood soos golwe om hom maal en hy het bang geword. Dit het op 'n tyd gevoel of die dood hom met bande of kettings vastrek en al nader sleep.

Geliefdes, ons sê soms maklik en gou dat ons lewe hel is. Maar is dit regtig hel? Dat dit erg is, verskriklik erg as jou huis in 'n oorstroming wegspoel en jou lewe ook in gevaar is, is beslis waar. Dit is regtig nie lekker as die kinders by die skool of mense saam met wie jy werk daarop uit is om die lewe vir jou om elke hoek en draai onaangenaam te maak nie. Dit voel naderhand of jy sommer maar kan sterf, want dan sal dit vir jou beter wees. Vir mense wat deur dwelmbase geterroriseer word, soos wat dit op die Kaapse Vlakte gebeur, maak dat mense regtig benoud is. Jy is nie seker oor jou lewe nie, want jou lewe beteken vir die dwelmbase net mooi niks nie. Kom ons los net eers hierdie saak of ons regtig hel beleef of nie eenkant.

Laat ons eers by die bewoording van ons belydenis in ons Twaalf Artikels kom. Vir baie jare het ons aangaande Christus die volgende bely: Ek glo ***in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here; wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria; wat gely het onder Pontius Pilatus gekruisig is, gesterf en begrawe is en neergedaal het na die hel; wat op die derde weer opgestaan het uit die dood; opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader, waarvandaan Hy sal kom om die lewendes en die dooies te oordeel.*** Dit is maar eers van 2003 af dat ons in die plek van ***en neergedaal het na die hel*** die volgende woorde bely: ***wat die angste van die hel tot in die dood toe ondergaan het.*** Sinode 2009

het weer besin oor hierdie bewoording en die volgende bewoording is goedgekeur:
**... gekruisig is, gesterf het en begrawe is. Hy het die lyding van die hel ondergaan.
Hy het op die derde dag opgestaan uit die dood ...**

Hierdie besinning oor die woorde *en neergedaal het na die hel* was nodig aangesien dit – soos wat dit in die oorspronklike teks van die Twaalf Artikels gestaan het – aanleiding gegee het tot misverstande. Daar is vandag nog mense wat op grond van hierdie woorde sê dat Jesus na sy dood in die hel was. Ons behandel dan ook vanoggend hierdie vraag en antwoord van ons Kategismus omdat wat ons hier in antwoord 44 bely kronologies voor Christus se dood en begrafnis gebeur het. Uit wat volg sal dit duideliker word.

Broers, susters en kinders, ons het mos al baie maal gehoor iemand sê Ja, nee. Op die vraag of Jesus regtig in die hel was, moet ons nee en ja antwoord. Nou sal jy dadelik vir my wil sê, maar ons kan mos nie so antwoord nie. As jy ja sê, moet dit ja wees en as jy nee sê, moet dit nee wees. Of Jesus regtig in die hel was, sê ons nee en ja. Kom ons sê eers hoekom ons nee sê.

Ons sê nee omdat daar nie een plek in die Bybel is waar dit geskryf staan dat Jesus na sy dood en begrafnis in die hel was nie. Inteendeel, ons hoor Jesus self twee maal sê dat Hy na sy dood by sy Vader in die hemel sal wees. Hy het dit aan die kruis gesê. Van die oomblik af dat die soldate Jesus met spykers teen die kruis vasgespyker het totdat Hy gesterf het, het Hy sewe keer gepraat. Ons noem hierdie woorde wat Jesus aan die kruis gesê het sy kruiswoorde. Die tweede kruiswoord wat Jesus gesê het, het Hy vir die een misdadiger langs Hom aan die kruis gesê:

Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees.
(Lukas 23:43 AFR53)

En die sewende kruiswoord het Jesus vir sy Vader gesê:

Vader, in u hande gee Ek my gees oor! (Lukas 23:46 AFR53)

Ook uit Jesus se sesde kruiswoord kan ons aflei dat Hy nie na sy dood in die hel was nie. Na die drie ure duisternis waarin Hy aan die kruis gehang het, het Hy gesê:

Dit is volbring! (Johannes 19:30 AFR53)

Hy het dus vóór sy dood die toorn en vloek van God teen hele menslike geslag se sonde klaar gedra.

Uit hierdie woorde van Jesus self weet ons dat Jesus nie na sy dood en begrafnis in die plek was wat ons hel noem nie. Jesus se liggaam is wel begrawe na sy dood, maar sy siel was in die hemel by sy Vader toe Hy gesterf het.

Goed, ons is dan nie verkeerd as ons sê dat Jesus nie in die hel was nie. In die Bybel staan daar ook nie so iets geskryf nie. Maar hoekom bely ons dit dan in die Twaalf Artikels? Om te bely beteken mos om te sê wat in die Bybel geskryf staan en wat ons glo. Geliefdes, miskien moet eers net sê hoe die Twaalf Artikels saamgestel is. Wanneer ons ons geloof in Jesus Christus bely, sê ons wie Hy is, wat Hy gedoen het en hoekom Hy dit gedoen het. In die Twaalf Artikels sê ons wie Jesus is. Hy is die Christus is, Hy is die Seun van God en Hy is ons Here. Jesus is dus self God ver verhewe bokant ons. Maar Jesus het Homself verneder.

Ons sê dus wat Hy gedoen het. Terwyl Hy God gebly het, het Hy ook mens geword. Maar Hy het Hom nie net verneder om mens te word nie, Hy het Hom ook verneder tot in die

dood aan die kruis. Daarom, alles wat ons sê oor Jesus se geboorte, sy lyding, sy kruisiging, sy dood en begrafnis, is alles deel van sy vernedering. Maar as 'n mens dit alles so gesê het, kan dit klink asof 'n mens net sê wat mense Jesus aangedoen het. 'n Mens het Jesus tot die dood veroordeel, mense het Hom aan die kruis vasgespyker sodat Hy moes sterf en begrawe word.

Daarom moet ons ook sê hoekom Hy dit gedoen het. Ons weet mos dat Jesus nie net onder mense gely het nie, maar ook onder God. Daarom het die mense van die ou tyd die woorde *en neergedaal het na die hel* bygevoeg. Jesus het mos nie vir sy eie sondes gesterf nie, want Hy het nie sondes nie. Hy het vir ons sondes gesterf. En iemand wat sterf oor sondes word met die hel gestraf. Hierdie woorde *en neergedaal het na die hel* wil dan sê hoe erg Jesus regtig vir jou en my sondes gely het en watter hoë prys Hy vir ons betaal het.

As ons die Twaalf Artikels dan bely, bedoel ons nie dat Jesus gesterf en begrawe is en toe neergedaal het na die hel nie. Jesus se vernedering het by sy begrafnis gestop. En die woorde *en neergedaal het na die hel* sê wat die diepste betekenis van Jesus se lyding is. Maar ek weet, as 'n mens dit so vir 'n kind sê of vir iemand wat nog nie 'n Christen is nie, gaan hulle dit nie reg verstaan nie. En buitendien moet ons nie iets bely wat nie in die Bybel geskryf staan nie. Daarom het die Gereformeerde Kerke by die Sinode in 2009 besluit om die woorde soos volg te verander: ***Hy het die lyding van die hel ondergaan***. Jesus was nie in die plek wat hel genoem word nie, maar Hy het regtig die lyding van die hel ondergaan. Daarom sê ons ook; ja, Jesus het die hel beleef. En dit wil ek graag nou beter verduidelik.

Geliefdes, as ons moet sê wanneer Jesus die lyding van die hel ondergaan het, sal ons sê dat Hy deur sy hele lewe gely het. Onthou, Jesus is geheel en al sonder sonde en Hy is God ook. Vandat Hy gebore is, het Hy met die sonde te doen gehad. Ons mense kan glad nie begryp watter lyding dit vir Jesus moes gewees het nie, want ons is gebore sondaars en in baie opsigte so gewoon aan die sonde dat dit ons amper nie eers meer pla nie.

Miskien sal hierdie voorbeeld ons so 'n bietjie help om iets van Jesus se lyding deur sy lewe te verstaan. Iemand, wat glad nie rook nie, stap in 'n vertrek in waar daar twintig mense staan en rook. Die hele vertrek hang blou van die rook en dit stink daar binne. Julle wat nie rook nie, weet hoe dit julle sal afsit en walg om in so 'n vertrek toegemaak te word. Jesus, die Seun van God, het afgekóm na die aarde en het hier gebly totdat sy werk as Verlosser op aarde klaar was. Hy was om die waarheid te sê toegemaak op die aarde waar Hy van sy geboorte af met sonde te doen gehad het. Hy is van sy geboorte afgesit en gewalg deur die sonde wat soos 'n walm om Hom gehang het.

Hierdie lyding wat Jesus ook aan sy siel gevoel het, het al erger geword hoe nader Hy aan die dag gekóm het waarop Hy gekruisig is. Ons kyk net na een moment in Jesus se lewe voordat Hy gekruisig is. Daardie nag voordat Jesus gekruisig is, het Hy en sy dissipels na Getsemane gegaan, want Jesus wou daar gaan bid. Toe hulle daar kom, het Jesus hartseer en baie bang begin word. Dit het seker gevoel soos 'n swaar klip wat op sy hart gedruk het, want Hy het geweet dat Hy nog in die nag gevange geneem sal word om die volgende dag gekruisig te word. Hy was hartseer oor die sondes van die mense. Hy was bang, want Hy het geweet hoe seer die mense Hom nog gaan maak. Hulle gaan Hom slaan en spot en spoeg. Maar die bangste waarvoor was, was dat God Hom gaan verlaat en met die helse pyn en smart gaan straf oor die sondes van mense. Daarom het Jesus vir die dissipels gesê:

Ek voel doodsbenuid. (Matteus 26:38 AFR83)

En met 'n harde stem en baie trane het Hy in die tuin alleen gaan bid:

My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie lydensbeker by My verbygaan. Moet nogtans nie doen soos Ek wil nie, maar soos U wil. (Matteus 26:39 AFR83)

Jesus het regtig beleef waarvan Dawid geskryf het. Die golwe van die dood het Jesus omsluit en Hy het baie bang geword. En toe Jesus eers gevang is, het bande van die doderyk Hom al vaster en vaster getrek totdat Hy aan die kruis vasgespyker is. En dit is hier aan die kruis tussen hemel en aarde dat Jesus die verskriklike angs en smart en verskrikking van die hel ondergaan het.

Teen twaalfuur daardie dag op Golgota het daar duisternis oor die hele land gekom. In daardie drie ure wat gevolg het, het die Vader al sy liefde, genade en trou van Christus af teruggetrek. God het sy Seun aan die kruis heeltemal alleen gelos. Nie eers die engele kon Jesus in daardie tyd aan die kruis versorg nie. God het sy Seun so alleen gelos dat selfs die Satan en al sy duiwels op Jesus kon lostrek om Hom van God af los te skeur. Ons hemelse Vader het die volle straf op al die mense se sondes in daardie drie ure op Jesus laat afkom. God het sy Seun in daardie drie ure verlaat. Daarom het Jesus teen drieuur hard uitgeroep:

Eli, Eli, lama sabagtáni? Dit is: My God, my God, waarom het U My verlaat?
(Matteus 27:46 AFR53)

Dit, my liewe broer en suster, is die lyding van die hel wat Jesus ondergaan het. Hel is om deur God verlaat te word. Dan kry jy geen liefde en genade van God nie, maar net sy straf op die sonde. Jesus het hierdie verskriklike lyding in my en jou plek deurgegaan sodat God ons nooit meer sal verlaat nie. En hiervan kan ons doodseker wees. God sal jou en my nooit verlaat nie. Selfs wanneer omstandighede soos vloede en veldbrande ons tref, sal die Here ons nie alleen los nie. In ons swaarste swaarkry, wanneer dit voel of die golwe van die dood om ons maal en dreig om ons in die dieptes af te trek, kan ons verseker en vertroos wees dat Jesus Christus ons van die hel se benoudheid en pyn verlos het. Kinders van God, ons sal nooit nooit die hel beleef nie.

En wanneer die nood ons met kloue gryp sodat ons benoud en baie bang word, kan ons na die Here roep. In sy paleis hoor Hy ons geroep. Ons roep om hulp en Hy luister na ons. Daarvan kan ek en jy seker wees, want God het een gebed van Jesus nie verhoor nie. Toe Hy vir sy Vader met trane gevra het om die lydensbeker by Hom te laat verbygaan. Jesus het die lydensbeker heeltemal leeg gedrink. Hy het die volle straf, die straf met die hel vir jou en my sondes klaar gedra. Daarom kan ons, verlos van die hel se pyn en benoudheid in elke swaarkry na die Here roep en weet dat Hy na ons luister.

Ons kom terug na die vrae. Was Jesus in die hel? Nee, Jesus was nie in die hel na sy dood nie. Het Jesus die angs en pyn van die hel beleef? Ja, Hy het en Hy het dit in jou en in my plek ondergaan. Daarom, ons wat deur die Heilige Gees met die ware geloof in Christus ingelyf is sodat ons die Here Jesus kan aanroep as my Here Jesus, kry hierdie versekering: jou en my lewe sal nooit so erg soos die hel kan wees nie, want God sal ons nooit verlaat nie.

Amen!

Slotgebed

Psalm 18:2, 3 (p. 71)

- 2 Tot U, van wie my lofsang is, / roep ek in my benouenis,
en – van my vyand word ek vry! / Want bande van die dood het my
omring en strome van verderf, / wat aanstorm uit die donker wyk
van kuil en graf en doderyk, / met kwellings waar die hart by sterf.
- 3 Deur donker magte, troep aan troep, / omsingel, het ek uitgeroep;
ek het in doodsangs uitgebreek / en God, my God, om hulp gesmeek.
Hy het geluister, my verhoor: / my stem het luid omhooggerys,
het deurgedring in sy paleis, / en opgeklim tot in sy oor.

Psalm 31:3 (p. 143)

- 3 U is my eewige rots, o HERE! / Diep in u veil'ge sy / sal ek genestel bly.
U sal my lei, u Naam ter ere, / tot ek die net verby is / wat voor my voet gesprei is.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap
van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
2 Februarie 2014